
# Die MIELIESTRONK

November 2023 Uitgawe




**Die spreekbuis van SAWA NOVS gebeure**

Ons voorsien kampeerdes in die Noord Oos Vrystaat omgewing van 'n unieke woonwa ondervinding met lekker kuier, braai en wat meer.




## In hierdie uitgawe

Gebed ..............................2
Buffelspoort......................3
Tawa Liogwe....................4
50 ste ..............................7
Allerlei .............................9
Geskiedenis ...................10
Bestuur...........................11
Te huur...........................12
Kampe-program ............13
Toer Blomme .................14








**Kom ervaar die HELE MIELIELAND se gebeure - NET HIER !**

**Die Stronkie word uitgegee deur die SAWA-NOVS** streek**. LW dat nie alles in die Stronkie SAWA impliseer nie.— Besoek SAWA web werf vir meer inligting oor SAWA: http://www.sawa.org.za/**


EK BID VIR JOU
Ek bid vir jou wat hartseer of stukkend is
Ek bid vir jou wat 'n geliefde verloor het
Ek bid vir jou wat siek of bekommerd is
Ek bid vir jou wat jou werk verloor het
Tierlantyntjies
Ek bid vir jou wat op die oomblik nie salaris kry nie
Ek bid vir jou wat eensaam is
Ek bid vir jou wat jou kinders mis
Ek bid vir jou wat moedeloos is
Ek bid vir jou wat JESUS nog nie ken nie
Mag GOD jou Anker en Hoop wees
Mag HY jou seën met SY guns, genade en goedheid
Mag HY jou aanraak en naby jou wees sodat jy
SY aanraking sal voel
Ek bid dat HY jou styf sal vashou

Buffels Poort bly maar n besonderse kamp plek.
Dit was weer n baie aangename kamp, vernaam as jy vir 8 dae lank kan kamp.

Ons NOVS was 5 lede en 3 gaste. Ek, Koos en Johan het ook weer uitgehak en pannekoek en worsbroodjies gemaak en verkoop. Gelukkig is ons vroue ook betrokke. Ons maak beslis n goeie span, baie dankie.

Die kamp was gereel deur Johan van Goudrif. Die tarief vir die 8 dae was maar R1170,00.
Dit was mid week + ekstra dae.
Die oord se swembaddens was maar net van hoe gehalte. Die waskamers is ook baie skoon, netjies en het altyd warm water beskikbaar.
Om na die swembad te loop was ook baie goeie oefening.

Dankie vir almal wat saam kom kamp het. Die kuier was lekker en dankie aan Wink en Driekie se Pizza's.
Net jammer dit gaan so gou verby


Groete Jan en Esme Swanepoel













KAMP TE TAWA LINGWE

Goeie Dag

Die kamp is n besonderse kamp plek.

Ons kamp was amper nie n kamp gewees nie, daar was groot koue voospel en die kamp was ver gewees.
Ek het voorgestel dat ons iets nader soek maar het geen voorstelle gekry nie. Gelukkig het Wink gese ons moet Tawa Lingwe toe gaan.

Daar was 57 woonwaaens in die kamp, mens kan dit amper nie glo nie. Die kampterrein het die gevoel gegee dat jy in die bos kamp.
Daar is ook baie anders om te doen. Daar is n put-put baan, 3 swembaddens waarvan 1 n warm water swembad is, daar was wildbesigtings toere beskikbaar.

Die pad soontoe is baie mooi, en dit maak die sleep aangenaam. Ons NOVS was net 3 woonwaaens maar nogtans n fees!

Sal ek weer daar wil kamp? BESLIS, JA!

Baie dankie aan die wat die kamp bygewoon het.

Dan sien ons julle weer by die AJV, en ons 50ste VERJAARSDAG VIERING




50
50


50


NOVS
50
1973-202
NOVS
50
NOVS
50
1973-202


KOBUS SMIT
NOVS
50
50




































100 %



22-23 Bestuur

# Redaksionele woord

Dankie vir die wat bydraes jy gestuur het.

Asseblief help en laat ons deel in jou SAWA ondervinding.

Sal graag in jou ervaringe wil deel.

Onthou hierdie is JOU nuusbrief wees dus ‘n joernalis en stuur nuus.

Dank aan die proeflesers vir julle insette

Kontak Redaksie

Deel jou nuus, vertel ons van jou kinders/kleinkinders se prestasies!
Deel ook jou SAWA ondervindinge met ons

Redaksie E-pos
novssawa02@gmail.com
083 627 6529

## Bankbesonderhede

***Bank**:* FNB

***Rekening Naam**:* SAWA NOORD VRYSTAAT

***Tak**:* Three Rivers

***Rekening No**:* 630 411 321 67

***Tak Kode**:* 251337

***Tipe Rekening:*** Tjekrekening

*Indien moontlik faks of e-pos deposito strokie aan die Penningmeester of Sekretaresse*

***Bewys:*** Elize : Elize <ngkoppies@gmail.com>

***Alle deposito's na die SAWA NOVS rekening moet gepaard gaan met volledige beskrywing op die verwysing gedeelte van die deposito strokie. - (Lid No, Van & Kamp naam)***

# Geskiedenis




NOVS se stigters voorsitter

Andre Cronje se medalje.



Nanette Cronje vertoon dit

**Voorsitter**

**Jan Swanepoel** | **Kontak besonderhede** | **Adres**




Sel 0836276529

E-pos janswanepoel711@gmail.com

Aftreeoord
Drie Riviere Fase 3
Vereeniging
1929

**Sekretaresse**

**Elize Boshoff**



Sel 082 455 8591

E-pos elizengkopies@vodamail.co.za

Posbus 557
Koppies
9540

**Penningmeester**

**Corrie Topham**




Sel 071 219 2608

E-pos topham@mweb.co.za

Aftreeoord
Drie Riviere Fase 2
Vereeniging
1929

**Graveur**

**Burgert Turnbull**




Sel 0611514264

E-pos bcturnbull1950@gmail.com

Aftreeoord
Drie Riviere Fase 3
Vereeniging
1929

**Redaksie**

**Arend Pretorius**




Sel 0836276529

E-pos novssawa02@gmail.com

Adres
Palms Aftreeoord
61
Vaal Drive
Vanderbijlpark
1911

**Sosiale relings**

**Karien Thysse**



Sel 0845829434

E-pos karienthysse@gmail.com

Herman Ekstein
Str. SW2
Vanderbijlpark
1900

# Springkasteel Verhuring











**Ons kastele is te huur, alle fondse wat deur verhuring inkom is ten bate van die jeugfonds.**

**Die springkasteel word verhuur vir R100 vir lede en R350 vir nie lede.**

**Die Glybaan word verhuur vir R150 vir lede, en R400 vir nie lede**




# 2022-23 Jaarprogram

| DATUM | PLEK | | Kamp-kommandante |
|---|---|---|---|
|  |  | (klipdraai) | BESTUUR |
|  |  | (kroonpark) | BESTUUR |
|  |  | **(Soetdoring)** | |
|  |  | (presidente) | |
|  |  | (buffelspoort midweek) | |
|  |  | (tavalingwe) | |
|  |  | (AJV) | BESTUUR |
|  |  | (sionsbergh) | |
|  |   | (casa cara) | |
|  |  | Kerskamp (soetdoring) |  BESTUUR |

NOVS JAARPROGRAM 2023...KOM KAMP SAAM!!!







Jy moet dit self sien om dit te waardeer.

Fotos sê/wys nie die werklikheid nie

Net ,n kort terugvoer oor 'n paar van ons lede se blommetoer wat begin het op Maandag 21 Augustus 2023.

1, Kamp by Vanderkloofda by Kamp Uitsig. Dit is .n lee erf wat die mense langs hulle huis gekoop het en omskep het in staanplekke. Hennie en Ronel het baie moeite gedoen, plekkie is baie netjies met pragtige uitsig oor die dam. Daar is warm storte, toilette en wasbakke en ook kombuis opwasplek. Ons kan hulle regtig aanbeveel. Prys is slegs R250 per nag per staanplek

2. Daarna 'n deurry stop en rondkyk by Orania waar ons baie vriendelik deur inwoners ontvang en behandel is en ons het lekker geeet ook. By Witsand kamp ons en verkluim amper met -2 grade.Baie slegte sinkplaatpad en die tarief. R451 per staanplek per nag.

3.Oppad na Augrabies by Keimoes koop ons heerlike droe vrugte terwyl 'n inwoner homself help met Mike se nuwe gasbottel van sy waentjie af. Perdevliee was baie erg en byt vrek seer. Hier betaal ons R 226 per nag vir een staanplek en 2 voertuie

4. Daarna slaap ons net buite Springbok in die Namastat woonwa park en betaal R250 per nag. Badkamers aan vrouekant was nie heeltemal op standaard nie en ons was maar almal mans vir die kamp. Dit was ook bitter koud en ons het net geeet en gaan slaap. Het vroeer die middag deur die Goagab Nasionale Park gery en pragtige blomme gesien

5. Verder na Kleinzee oor die Spektakelpas en slaap buite die dorp by Houthoop kamp. Dag 2 ry ons die skeepswrak roete saam met Dudley Wessels wat ook die blomme ken en ons wonderlike klein skatte in die veld wys. Die tarief hier was R200 per nag

6.By Kammieskroon slaan ons kamp op en bly 2 nagte. Ons ry uit na Soebatsfontein, Namakwa Nasionale Park en oor die Grootvleipas en dit kos ons R300 per nag. Hier is lieflike badkamers, gerief om wasgoed te was en selfs ete by die kafeetjie in die oord. Ons sien die mooiste blomme, regte skilderye uit God se hand. Die tweede dag ry ons na Skilpad en oor die Kammiespas.

7. Oppad na Clanwilliam stop ons in Vanrhynsdorpbu die ou tronk. Daar is .n lieflike vetplant mark enmuseum. Ons ry ongeveer 25km na die Jamaka gasteplaas. In 'n kloof met rivier wat deurloop.Ek was nie baie beindruk met die badkamers nie, maar die natuur was pragtig. Die tweede dag is ons terug Clanwilliam toe na die Vellies en Rooibostee fabrieke toe. Sommer verder rondgeloop en by die straatmark kos gekoop wat heerlik was. Die tarief op die gasteplaas was R300 per nag

8.Daarna ry ons oor Piekenierskloofpas en stop by Kardoesie waar ons net kan deurloopagv pryse.Verder Piketberg Moorreesburg, Malmesbury en slaan kamp op by Ou Skip in Melkbosstrand.

Dit is skoon en netjies en plek om wasgoed te was. Die permanente kampers lyk baie meer as die vorige keer maar staan eenkant en pla glad nie, Gebruik wel soms ons badkamers en al die warm water maar was nooit 'n groot krisis nie. Ons tarief hier is R300 per nag per staanplek

Dag 2 gebruik ons almal om by kinders en ander familie in die omgewing te kuier. Ongelukkig moet Wink en Driekie in Stellenbosch agterbly vir Wink se operasie aan sy enkel.

9. Oppad na Onrusrivier se kampplek stop ons eers by Babylon Storen, wat 'n wonderlike plek om.....let wel......net deur te stap. Die tuine is 'n fees en alles is so skoon en netjies. Die reel is jy kan wat ryp is pluk en eet terwyl jy deurstap, die bloedlemoene was heerlik. Dit het regtig iets vir mens se siel beteken om daar deur te stap. Ons het ook interessante gesonde kos daar geeet. Verder oor die Franschoekpas en nog 'n lekker stop by die Houwhowkpadstal. Die Onrusrivierkampterrein is pragtig versorg en die badkamer 'n fees om te gebruik. Hier kuier ons toe in die aftreeoord by Bettie Pelser, sy en haar man Willie was baie lank Sawanante en hy was ook op die NOVS bestuur.Die tarief is slegs R184 per nag per staanplek want ons het 'n hele 50% pensioenaris afslag gekry.

10. Weer oppad........ na die Gamkaberg Natuurreservaat by Calitzdorp. Hulle tarief is R203 per nag per staanplek. Ons kon kies tussen kamp en slaap in die stalle. Dis soos 'n houthuis wat bedjies inhet maar die splete tussen die hout is nie dig nie, nodeloos om te se dat ek in die nag terug is na die canopy toe en die tweede nag sommer daar begin het. Ons het die mooiste naghemel met sterre gesien wat lyk of jy hulle kan pluk. By die slaapplek net koue stort en netjiese long drop maar 'n paar tree verder lieflike badkamer met warm water vir stort. In die dorp het ons tweede oggend omgekuier by 'n lieflike kwekery.

11.Ons bly in Graaff Reinet in Camdeboo kamp. Want die kamp in die dorp is nog daar maar al die elektriese kabels is nou elders en oral staan konstruksie voertuie geparkeer. Geen ontvangs of personeel maar wel 'n kantoor. In die Nasionale Park het ons heerlik gebly en alles is skoon, netjies en veilig teen R300 per nag per staanplek. Ons het bietjie rondgery en wild gekyk.

Dag 2 het ons die vallei van verlatenheid gery.......wat 'n gesig as jy nie hoogtevrees het nie. As gevolg van erge wind skenk Arend toe sy donkerbril vir die bobbejane

12. Nou begin die pad huistoe......Neudes bergpas, Lootsbergpas......Colesberg. Slaap oor by vriende buite Bloemfontein op die plaas.......na ontbyt Kroonstad en huistoe. Dit was 'n wonderlike geseende en teespoedvrye tyd waarvoor ons baie dankbaar is.

# Aug-Sept 2023



[illegible] – 21 AUGUSTUS TOT 10 SEPTEMBER 2023

| Datum | Vanaf | Na | Kms | Kamp | Koste | Reeds betaal | Uitstaande |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Aug 21 | [illegible] | Vryburg | 350 | Rusrel | R750 | 0 | R750 |
| " 22 | [illegible] | | | | R750 | 0 | R750 |
| " 23 | Vryburg | Witsand NP | 375 | Witsand | R1353 | R1353 | 0 |
| " 24 | Witsand | Augrabies | 280 | Augrabies | R1358 | R1358 | 0 |
| " 25 | Augrabies – [illegible] voertuie en bewaringsfooie moet nog betaal word | | | | | | |
| " 26 | Augrabies | Springbok | 310 | Namastat | R750 | R750 | 0 |
| " 27 | Springbok | Kleinsee | 110 | [illegible] | R1200 | 0 | R1200 |
| " 28 | [illegible] 4 X 4 roete – moet nog betaal word | | | | | | |
| " 29 | Kleinsee | Kamieskroon | 230 | [illegible] | R1800 | R1800 | 0 |
| " 30 | Kamieskroon – [illegible] | | | | | | |
| " 31 | Kamieskroon | Clanwilliam | 290 | Jamaka | R840 | R840 | 0 |
| Sept 1 | Clanwilliam en omgewing | | | | | | |
| " 2 | Clanwilliam | Melkbosstrand | 200 | Ou skip | R1782 | R1000 | R782 |
| " 3 | Melkbos en omgewing | | | | | | |
| " 4 | Melkbos | Hermanus | 180 | Onrus | R1104 | R1104 | 0 |
| " 5 | Hermanus en omgewing | | | | | | |
| " 6 | Hermanus | Calitzdorp | 368 | Gamkaberg | R1222 | R1222 | 0 |
| " 7 | Calitzdorp en omgewing | | | | | | |
| " 8 | Calitzdorp | Graaff Reinet | 370 | Nqweba | R1810 | R1810 | 0 |
| " 9 | Graaff Reinet Camdeboo NP | | | | | | |
| " 10 | Graaff Reinet | [illegible] | 760 | | | | |









Wink en Driekie bly agter in Stellenbosch vir Wink se voet operasie